Skriba Sinodale Kommissie

NG Kerk in Oos-Kaapland

Ds Danie Mouton

Tel 041 365-3159 (k) - Sel 082 9234 178 - danie@ngkok.co.za
Posbus 34842, Newtonpark, 6055

---

10 Februarie 2010

Vir aandag: Leraars, Kerkrade en Ringskommissies

Geagte kollegas,

VERGOEDING VAN LERAARS VOLGENS SINODALE RIGLYNE

Die Sinodale Kommissie (SK) het by haar vergadering van 26 November 2009 met groot kommer kennis geneem van die buitengewone aantal leraars in ons Sinodale gebied wie se traktement nie volgens die sinodale riglyne is nie. Die SK het opdrag gegee dat die SK-Dagbestuur die volgende skrywe finaliseer en aan u stuur.

As gelowiges is ons op 'n besondere manier vir mekaar verantwoordelik (*Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus.* Gal 6:2). Die Ring het natuurlik volgens die Kerkorde 'n besondere verantwoordelikheid in die omsien na Ringsgemeentes en -leraars. Met betrekking tot predikante begin hierdie proses reeds tydens die beroeping, waar die Ring deurlopend betrokke is en toesien dat daar aan al die kerklike vereistes vir die uitbring van die beroep voldoen is (wat natuurlik ook die lewensonderhoud van die leraar volgens Artikel 13 insluit). Die riglyne vir visitasie onderstreep die belang van hierdie rol van die Ring, deurdat daar óók gevra word of die gemeente haar finansiële verpligtinge aan die leraar getrou nakom. Tot die Ringskommissie van Administrasie se taak hoort o.a. die jaarlikse ondersoek na die salaris, motortoelaag en vakansiebonus van leraars.

Indien 'n Kerkraad besluit om nié aan die Sinodale Riglyne te voldoen nie, moet dit met groot omsigtigheid en versigtigheid gedoen word - in oorleg met die Ring (KO Art 7.8). Die Sinodale Kommissie is van oordeel dat so 'n noodreëling egter nie ad infinitum kan voortduur nie. *Die Ring moet sodanige gemeente begelei in die soek na kreatiewe oplossings, sodat die gemeente weer haar volle verpligtinge teenoor die leraar kan nakom.*

Ons besef dat ons in ekonomies moeilike tye leef en dat gemeentes dikwels voel dat hulle nie ander opsies het nie. Tog wil ons Ringe aanmoedig om die erns van hierdie saak op Kerkrade se hart te druk en gemeentes en leraars by te staan.

In die eerste plek behoort die Ring seker te maak dat die hele onderhandelingsproses reg en billik verloop het en dat alle partye tevrede is. Julle kan gerus by vanjaar se Ringsitting spesiaal aandag gee aan hierdie aspek van die RKA se verslag.

Ons wil Ringe egter ook aanmoedig om kreatiewe maniere te soek om gemeentes in sulke situasies te ondersteun. U kan gerus as Ringsgemeentes oorweeg om saam te staan en mekaar finansieel te

ondersteun. Ringe kan natuurlik altyd ook via Ringsprojekte by die Sinode aansoek doen om fondse, tesame met ‘n proses wat sodanige gemeentes help om missionêr uit te reik in hul gemeenskappe.
Met vriendelike groete,

Da Danie Mouton
Skriba Sinodale Kommissie